

Antesaaam 33 jagte het Saterdag na Rio de Janeiro vertrek. Talle seiljagte is egter beskadig en het sedertdien teruggedraai ná stormweer in die diepsee gewoed het.

Die beseerde bemanning, die skipper Luis Conia da Silva inkluis, is van die Isandlwana na hospitale vir behandeling geneem. Da Silva het sy ribbes tydens die wedvaart gebreek.

Lede van die Angolese kon-

sulaat, tammiede en die Angolese ondersteuningspan is aan boord van die skip gelei. Bartolomeu se lyk is later van die Isandlwana verwyder en vlootoffisiere het hom gesa-lueer.

Die vloot het gisteroggend 'n nuuskonferensie na aanleiding van sy reddingspoging gehou.

Luidens 'n verklaring is die vloot Sondag om 17:30 in kennis gestel dat vyf seiljagte

probleme ervaar, waarvan twee dringend bystand benodig het. Die Bille het kort voor dit 'n noodsein gestuur.

Met twee bykomende dokters en drie noodpersoneellede aan boord, het die fregat om 21:30 van die V&A Waterfront vertrek.

Hy het eers vroeg Maandagoggend met die Black Cat kontak gemaak en daar is gereël dat die Nasionale Seereddingsinstituut (NSRI) die jag

senjagte net na Kaapstad teruggekeer.

Cleeve Robertson, uitvoerende hoof van die NSRI, het die vloot vir sy spoedige reaksie met die ontplooiing van die Isandlwana geprys. "Hulle het binne 'n rekordtyd uit Tafelbaai vertrek om Bille en ander jagte te hulp te snel."

Die Isandlwana was in 2011 ook by die reddingspoging vir 'n Taiwane vissersboot naby Tristan Da Cunha betrokke.

met belangstelling gaan volg.

Beckley het verduidelik dat die Explora te breed en swaar in die water is. Hy het baie meer wind nodig om hom op sy beste te sien.

Kaapse vaarders wat tans uitstekend vertoon, is Adrian en Francois Kuttel op Privateer asook Dale Kushner en Ian Coward op Yolo. Laasgenoemde is die voorloper op voorgede in klas 2 terwyl Scarlet Runner eerste is in klas 1.

Uitslae op die diepsee gevier

Malherbe Nienaber

KAAPSTAD. – 'n Matrikulant van Noordhoek het gister haar uitslae op die diepsee, onderweg na Rio de Janeiro, ontvang.

Cathleen Hughes (18) van die Springfield Convent of the Holy Rosary in Wynberg is 'n deelnemer aan die Kaap-na-Rio-wedvaart. Sy het gister haar vierde dag op die seiljag JML Rotary Scout deurgebring en haar uitslae per SMS ontvang.

"My ouers het dit vir my na 'n satellietfoon gestuur," het sy gistermiddag aan *Die Burger* gesê. "Ek's gelukkig dat ek die uitslae agter die rug het en nou net op die wedvaart kan fokus."

Sy is een van vyf padvinders

wat op die Rotary Scout seil. Dit is die langste wedvaart waaraan sy al deelgeneem het.

Haar vakke is Engels, Afrikaans, lewensoriëntering, geskiedenis, aardrykskunde, wiskunde en fisiese wetenskappe.

"Die wiskunde en wetenskap het my die meeste bekommer, want dit was my swak plekke," het sy gesê. "Ek is net bly dat ek alles deur is en dat dié fase van my lewe verby is."

Wanneer sy van Rio terugkeer, wil Cathleen by die Atlantic Yachting Sailing School in Langebaan gaan studeer. Daar wil sy 'n kursus vir bemanningslede op seiljagte op die diepsee aflê.

Die deelnemers aan die Kaap-

na-Rio-wedvaart het sedert Saterdag onder stormweer deurgeloop en talle seiljagte het uitgeval.

Die Rotary Scout het teen winde van 48 knope en deininge van selfs 6 m te staan gekom, het sy gesê.

"Ons is gelukkig, want die stuurman het rondom die storm geseil en nie deur die storm se oog nie."

Die wind was egter kalm toe *Die Burger* met Cathleen gepraat het, en dit blyk die storms is vir eers agter die rug.

Sy het gesê die seiljag behoort Rio de Janeiro binne 20 dae te bereik.

"Ons vorder goed, so dalk kan ons dié tyd verminder."



Cathleen Hughes (middel voor), 'n matrikulant van Noordhoek, saam met die bemanning aan boord van die JML Rotary Scout. Sy het gister haar matriekuitslae op die seiljag ontvang terwyl sy aan die Kaap-na-Rio-wedvaart deelneem. Die bemanning is (agter) Peter Bosch (skipper), Grant Chapman, Virgil van der Horst, Chris Meier en Marcus Farnham. Voor is Lorraine le Sueur, Cathleen Hughes en Ashwyn Davis. Foto: EBEN HUMAN

uitse ouma vier haar
14de langs Doonie See

PROMOSIE || FORUM24

DIE GROOTSTE VERSKEIDENHEID IN SUID-AFRIK